

STROOIJONKER

deur

Louw Venter

Gebasseer op THE BEST MAN'S SPEECH deur Louw Venter

Karakter:

Lukas

Karakters in die gehoor:

Sherryl Lieberman - Die bruid  
Jean Voster - Die bruidegom  
Annetjie Voster - Sean se ma  
Paul Voster - Sean se pa  
Dawn Lieberman - Sherryl se ma  
Denis Lieberman - Sherryl se pa  
Jaco - 'n Ou skoolvriend  
Kolonel Maltz - Dawn se oom  
Die troue DJ

Toestemming vir opvoerrechte berus by Louw Venter  
Adres: 39 Montrose Ave, Clovelly, Cape Town  
Bel+27 72 236 61 91  
E-pos: louwjins@mweb.co.za

Op die verhoog: 'n Klein tafeltjie met 'n wit tafeldoek. Bo-op die tafeltjie 'n bos rooi rose in 'n blompot en 'n ysbak met twee bottels vonkelwyn, 'n vurk, twee sjampanjeglase en 'n skinbord met ses glase regte vonkelwyn op. Agter die tafel hang 'n spieëlbal en 'n kitaar lê versteek agter die verhoog. Daar is 'n mikrofoon met 'n lang kabel op die tafel sowel as 'n onaangesteekte kers in 'n pragtige silwer kershouer. Daar is ook 'n stoel met 'n wit lap oortrek langs die tafeltjie.

Die gehoor sit reeds in die teater en die pre-show musiek speel.

Vanuit die wings kom LUKAS, 'n jong man in 'n netjiese pak. Terwyl die musiek aanhou speel staan Lukas vir 'n oomblik by die tafel en kyk gou deur sy handgeskrewe toespraakkaartjies. Uiteindelik vat hy die skinkbord en stap die gehoor in.

Lukas kies willekeurig 'n klompie gehoorlede om mee te chat. Hy praat met hulle asof hulle ou vriende en familie is. Die akteur moet improviseer hier. Gebruik unieke details wat die gehoorlede suggereer; Komplimenteer bv. 'n lelike hemp, vertel vir die ou tannie sy lyk beter na haar operasie, vra die man wat op sy eie die opvoering bywoon of sy egskeiding afgehandel is. Elk van die gehoorlede word 'n glasie vonkelwyn gegee.

Uiteindelik maak Lukas sy pad na die verhoog. Die FOH ligte verdof en Lukas neem centrestage langs sy klein tafeltjie. Hy lig 'n sjampanjeglase en klink daarop met 'n vurk. Hy dui geïrriteerd vir die DJ in die lightingbox om die musiek te stop. Die musiek word stomp afgesny. Lukas vat die mikrofoon en begin. Hy toets die mikrofoon:

LUKAS

Halou..? Halou! Sjoe, hard. Haai.  
Ek is Lukas. Ek is die  
Strooijonker! Die bestman. Halou!

Applous

LUKAS

Ek gaan nie baie lank wees nie maar ek wil net gou 'n paar woordjies sê voor ons aangaan. So em.. Eerstens, net voor ek begin, 'n bietjie besigheid vir die aand vorentoe. As U die kleedkamers soek, dis net hier agter uit. Af in die gang en dan gaan jy links.. Of regs... Maar dis net daar af, so.. Daar's hy. O! En die mense van die plek het gevra dat ons net versigtig moet wees om nie hulle rose te vertrap nie. Hulle is baie erg oor hulle rose.

(MORE)

## LUKAS (CONT'D)

Pragtige rose. En moet asseblief  
nie binne rook nie, die reuk gaan  
sit blykbaar in die gordyne. So...  
En so gepraat van die venue, is dit  
nie 'n pragtige plêkkie nie?

Lukas moedig die gehoor aan om applous te gee vir die venue.

## LUKAS

Baie soos 'n teater! (Indien die  
perseel 'n ander funksie het, soos  
'n skoolsaal of 'n kerk of  
restaurant moet Lukas hierdie  
duidelike feit uitwys hier)

So, ek gaan nie baie lank wees nie,  
maar net voor ek wegspring wil ek  
graag gou 'n heildronkie instel op  
almal wat van vêr af gereis het om  
hierdie spesiale aand saammet  
Sherryl en Jean te deel.

Soos hy elk verwelkom wys Lukas hulle uit in die gehoor.

## LUKAS

Jean se ouers, tannie Annetjie en  
om Paul, die Vosters, Sherryl se  
ouers die Liebermans, Dennis en  
Dawn.

Sorry guys but I'm going to stick  
with the Afrikaans a bit, I have  
strict orders from the mother of  
the bride. Just ask Annetjie if you  
have any questions..

Wie nog? Jaco wat al die pad uit  
Addelaide uit gekom het om hierdie  
spesiale aand met sy vriende mee  
te maak. Jy lyk goed Jaco, moenie  
worrie nie, daar is darem niks  
misdaad hier by die troue nie ha  
ha! En drink maar gerus 'n ietsie  
daar, daar's net sappies op tafel 6  
- non alcoholies. Sheryl se oer-  
oom, Kolonel Maltz, you look very  
healthy sir, what do you call that,  
the em, the colostomy sack...? Baie  
moeilik mense. Baie moeilik om te  
reis met 'n sakkie. Bernice, al die  
pad uit Vereeniging, en natuurlik  
Jean se broer Dewald, nog steeds 'n  
baie groot man. Welkom!

(MORE)

LUKAS (CONT'D)

Om die waarheid te sê, voor ek enigsins voortgaan mag ek hierdie geleentheid gebruik om 'n heildronk in te stel op almal wat vandag die moeite gedoen het om hier te wees saammet die liefdespaartjie? As U so gaaf sal wees om daai glasies vol te maak... Daar's hy!

Lukas gryp sy eerste bottle vonkelwyn uit die ysbak en maak dit oop - dit moet baie duidelik wees dat die bottel ordentelik geseël is. Lukas is ietwat lomp en sukkel met 'n verdwaasde glimlaggie op sy gesig om dit sou gou moontlik te doen. Hy skink vir homself 'n glasie vonkelwyn.

LUKAS (CONT'D)

Op ons almal! Daar vat hy. Cheers!

Lukas Moedig die gehoor aan om saammet hom te cheers.

LUKAS

Maar ons is natuurlik hier vir Sherryl en Jean se huwelik. 'n Troue is darem 'n lekker of hoe?

Almal saam, almal gelukkig.

Altyd 'n baie spesiaale geleentheid as twee mense 'n lewenslange verbintenis maak ten spyte van die uitdagings. Kom ons drink sommer dadelik enetjie op hulle ook, net voor ek wegspring.

Lukas dui vir die gehoor die paartjie in die gehoor aan wat hy reeds gekies het om die bruid en bruidegom vir hierdie vertoning te speel.

Hy vat 'n tree in Sherryl en Jean se rigting en lig sy glasie omhoog. Hy spreek sy twee vriende intiem aan.

LUKAS

Op twee van die wonderlikste mense wat ek ken... Op sheryl en Jean! Cheers!

Lukas vat nog 'n groot senuweeagtige sluk van sy wyn en moedig die gehoor aan om saammet hom te cheers.

LUKAS

Wat 'n wonderlike aand. Nou, soos sommige van julle seker weet, Jean, en Sheryl en Jaco en ek was almal saam op skool.

(MORE)

LUKAS (CONT'D)  
 Hoërskool Paul Roosevelt klas van  
 2006! Sing saam Kiewiets!

Lukas bars uit in sang en probeer om Jaco en die res van die gehoor te kry om saammet hom 'n ou skool sportliedjie te sing. Hy doen die bewegings saammet die liedjie.

LUKAS  
 Kierie Kierie Kierie Kierie!  
 Wash wash wash wash!  
 Hei hou Kieeewieeets!  
 Hei hou Kiewiets..!  
 Hei hou Jaco..! Jaco! Jaco!  
 Almal! amal..!

Niemand wil saammet Lukas die liedjie doen nie. Hy gaan vinnig aan met sy toespraak.

LUKAS  
 Wonderlike dae. Mens kan amper sê  
 ek het in die Vosters se huis  
 grootgeword. Hoeveel duisend  
*snackwiches* het Tannie Annetjie nie  
 op haar dag na skool vir ons gemaak  
 nie.

Om die waarheid te praat, ek sê  
 niks hier vanaand voor ons nie eers  
 'n ordentelik heildronk instel op  
 Jean se ma nie. Waar is Annetjie en  
 oom Paul? Waar kruip julle ou diere  
 weg?

Lukas skerm teen die lig met sy hand en maak of hy soek vir die ouer paartjie wat hy gekies het om Annetjie en Paul Voster te speel.

LUKAS  
 Praat van die duiwel! Daar sit  
 julle. Baie geluk. Nou ja, ons het  
 almal so baie by Annetjie geleer.  
 Oor die lewe en oor...

Lukas steek sy arms uit na sy sye soos 'n gekruisigde.

LUKAS  
 ...Die geloof. So as julle net gou  
 weer daai glasies kan volskink...  
 Gooi maar, gooi maar, dis  
 langnaweek.

Lukas skink sy eie glasie vol.

LUKAS

Dan drink ons saam 'n drankie op  
die groot ou Matriarg van die  
Vosters, Annetjie. Op Annetjie!

Lukas moedig die gehoor aan om op Annetjie te cheers en sluk  
nog 'n halwe glas vonkelwyn weg. Hy knipoog vir Annetjie.

LUKAS

Lief vir jou jou ou drakie.

Maar ons is natuurlik nie vanaand  
hier vir Annetjie nie mense.

Ons is hier vir haar seun, my  
vriend, my beste vriend, Jean. Nou,  
vir Jean ken ek al van graad twee  
af. Kan jy dit glo Jeanie? Lang  
pad... Wat kan mens sê oor die man  
wat klaar alles het?

Baie van julle weet dit nie oor  
Jean nie maar Jean was 'n vet ou  
seuntjietjie gewees toe hy klein  
was.

Nee nee nee, wag 'n bietjie tjomma,  
moet nou nie kwaad raak vir my nie  
Jeanie, dis feite. Ontspan. Jy het  
my gevra om te praat nou praat ek!

Waar was ek? O ja, vet. Jy sal dit  
nie glo as jy vandag na hom kyk  
nie, ek bedoel, kyk na die man!  
Baie aantreklik. Maar toe ons klein  
was, vet. En ek praat vet vet, soos  
in blinkvet, jy weet, soos in stywe  
vet. Altyd gelyk asof sy velletjie  
gaan bars. En dit was nie net die  
vet nie hy het ook 'n bietjie van  
'n klankie aan hom gehad as ek  
doodeerlik moet wees, dis waar!  
Waar's Jaco..?

Lukas soek vir Jaco in die gehoor en kry hom.

LUKAS

Jakes! Is ek reg of is ek reg, die  
man het ietsie van 'n reukie aan  
hom gehad of hoe?! Ja? Presies!  
Onthou jy nog "dis my Marmite?"  
Moenie sê dis nie waar nie Jeanie!

Lukas vat 'n slukkie om sy keel nat te maak vir die storie wat hy gaan vertel.

LUKAS

Ons staan in die tou na langpouse en skielik is daar hierdie.. Reuk, in die lug. En almal is soos in WAT IS DIT?! En hier skielik kom klein Jean Voster uit die bloute met "Dis my Marmite!" Legend. Goeie daë. Maar dit was nie net die vet en die reuk nie, Jean het ook 'n tekstuur aan hom gehad. Baie tekstuur...

Lukas stop vir 'n oomblik om 'n groot teug van sy vonkelwyn te vat.

LUKAS

Ek bedoel, hy het baie moesies en sproete en vraatjies gehad. Jy lyk nou fantasties, moenie my verkeerd verstaan nie, daar's niks nie. Ek weet nie hoe jy dit gedoen het nie, seker maar lasers of iets, maar joe! Terug in die ou dae... Ek meen, hierdie ou het sproete en vratte gehad in plekke wat meeste mense nie eens plekke het nie. Gelyk soos Thing in die Fantastic Four.

Lukas maak kamma vir Thing na.

LUKAS

Ek is Thing! Kyk hoe lyk my vraatjies! Onthou jy dit Jaco? Hy kon skaars sy Bic pen vashou want hy het hierdie twee vraatjies hier tussen sy vingers gehad. Onthou jy dit? En die twee groot sproete op sy ooglede. Net so, hier en hier...

Lukas knyp sy oë toe en wys waar die twee sproete op Jean se oë was.

LUKAS

Sodat, selfs wanneer sy oë toe was het dit nog steeds gevoel asof hy die hele tyd kyk vir jou... Nes Jesus Annetjie..!

Lukas sluk die laaste van sy wyn weg.

LUKAS

Nou, Jean en Jaco en ekke, ons was soos die drie musketiers. Groot gabbas, think as thieves Dawn... Voor wat gebeur het gebeur het, nie dat hierdie die regte plek is om daaroor te praat nie.

En kan ek net sê dis baie groot van jou om vanaand hier te wees Jaco, ek weet nie of ek dit sou kon doen nie. Jy is 'n groot man. Respek.

Maar waar was ek, o, ons was die drie musketiers. Maar Jeanie, Jeanie was definitief die hoofmusketier, Athos Voster. Hy was altyd eerste met alles. Eerste ou wat gerook het - sigarette ook. Eerste ou wat hare op spesiale plekke gegroei het -

Lukas maak of hy 'n snor rol aan weerskante van sy blaas.

LUKAS

Hariba! Hariba! Onthou julle? - En Jean was natuurlik die eerste ou saammet Sherryl..! Nie die eerste boyfriend nie, nê ou Jaco, nee. Maar tog die eerste ou "met" Sherryl. Maar definitief nie die laaste nie, huh Sherryl? Huh?!

Ek grap sommer..! Al is dit waar. Maar ons praat nou oor Jeanie. Hy is 'n bruidegom en 'n vriend duisend. Dames en here, kom ons drink op Jean Voster.

Lukas vul sy glas weer op.

LUKAS

Op Jean!!

Lukas slaan amper die hele glas vonkelwyn weg in een sluk.

LUKAS

Maar genoeg oor die bruidegom, wat van die pragtige bruid? Sheryl, Sheryl, Sheryl. Shit hot Sheryl Lieberman soos sy bekend gestaan het.

Lukas hoor iets uit die gehoor.



LUKAS

Askuus? What's that Dawn..?  
 Inappropriate? Whoa! I'm just  
 kidding around, and besides, you  
 know about inappropriate don't you?  
 Dawn praat mos hoeka van die schogs  
 dit en die schogs dat, of wat sê ek  
 Dawn?  
 "Schog", Annetjie, is rasistiese  
 joodse taal vir swartmense. So why  
 don't we both just do what we're  
 good at for now, hey Dawn? I'll  
 talk and you sit. Perfect.

Lukas let skielik iemand in die gehoor op.

LUKAS

O.. Shit, die swart tafel.. Jammer  
 ek het julle nie daar gesien nie.  
 Oeps. Maar moenie vir my kyk nie  
 guys, dis nie ek wat so praat nie,  
 dis die madam, Jewish Hitler, Dawn  
 Lieberman, daar sit sy. Moenie  
 worrie nie, net-nou speel ons  
 Nkalakatha en dis almal weer  
 maatjies...

Waar was ek? O, Sherryl. Wat kan ek  
 sê? Sheryl is Joods, soos ek reeds  
 genoem het. Boerejoods nou. Nie 'n  
 probleem nie, ek's mal oor die  
 jode. Baie goed met nommers. En as  
 jy 'n goeie dokter nodig het? Bel  
 'n jood! En hulle is natuurlik mal  
 oor hulle kos. Daai driehoekie  
 koekies met die papawersaadjies,  
 die kneidlach, die hoenersop,  
 rolmops... Heerlik.

Moenie so vir my kyk nie Dawn... So  
 ja, 'n boer en 'n jood, en ek wil  
 nie lieg nie, daar was 'n bietjie  
 kulturele wrywing daar, net so  
*bietjie* wrywing...

En dit was nie maklik nie mense.  
 Kom ons wees eerlik. Veral nie vir  
 Annetjie nie.

Huh Annetjie? Nie veel meer verlig  
 as Dawn nie, is jy?

(MORE)

LUKAS (CONT'D)

Maar ek kan nou vir julle sê soos julle hier sit, met groot vrymoedigheid, dat Dawn Lieberman vandag, vir Jeanie lief het soos haar eie seun..

Wat haar dogter naai.. Wat seks het met Sheryl! Haar dogter. Al vir 'n geruime tyd... Huh Sheryl? Lekker los.

Dawn is lief vir hom. En haar Pa, Dennis is net so mal oor my ou maat. Lekker om jou te sien Dennis.

Lukas spreek die ouer paartjie wat hy gekies het as Denis en Dawn aan.

LUKAS

Dankie vir die wyn Dennis, baie lekker... Op die Liebermans! Cheers.

Lukas sluk die laaste wyn in sy glas weg.

Lukas gee die wyn 'n afkeurende kykie.

LUKAS (CONT'D)

Goedkoop. Soos ek gesê het, baie goed met geld..

Anders as Paul natuurlik, wat lankal sy M-series moes inruil vir 'n Mazda. Maar ek grap sommer. Ek kom al 'n langpad saammet die verkose volk.. Dis nou, die *ander* verkose volk Paul, ek weet hoe jy voelm oor mense sonder voorvelle! Ha ha!

Lukas kyk om hom rond en besef sy grappie is nie so goed ontvang soos wat hy gehoop het nie.

LUKAS

Ek het dit nie so bedoel nie. Regtig. Kyk, ek weet ek het gesê ek gaan nie lank wees nie maar kan ek net gou sê: Ek onthou nog my eerste joodse troue. Want ek was uitgenooi. Dit was amazing.

(MORE)

## LUKAS (CONT'D)

Die lang seremonie en die jamoelka wat ek moes dra en die koppie wat geskop moet word en alles. Maar nou terwyl die Rabbi, dis 'n joodse dominee Annetjie, terwyl die rabbi preek in die schull, die kerk vir joodse mense Annetjie - ek kan nie alles verduidelik nie, kry 'n pamflet of iets want hierdie is nou jou mense. Elk geval, terwyl die preek aangaan is daar al hierdie kos wat staan en wag in die saal langsaan. Tafels en tafels kos, so ver soos jy kan sien, maar jy mag nie daaraan vat tot die ou opgehou neurie het nie, die... (hy wys hou hy neurie neurie soos 'n rabbi). En die mense sit. Maar die oomblik wat dit klaar is ruk hulle daai doeke van daai kos af en die mense sak toe op daai skinborde soos die Rooi See wat spoel oor die Egiptenare - en ek noem daai skrifgedeelte want dit kom uit altwee gelowe, Annetjie - soos die Rooi See oor die Egiptenare. Ek onthou nog spesifiek hierdie één ou Omie, nou nie so oud soos die Kolonel hier nie, maar horingoud. Die lappe kom af en hiérdie omie begin vir hom 'n pad kerf deur die mense met sy kierie... Uaaargh! Ek sweer, as ek nie padgegee het nie het hy my ook sommer opgevreet! Ha ha ha!

Lukas kyk om hom rond om te sien hoe sy storie beter ontvang is. Nie regtig nie.

## LUKAS

So, ja, Sheryl is joods en Jean is 'n Christen. Wel, ten minste, uit 'n Christelike huis, nie dat jy hom 'n Christen sou noem nie.

Maar ek raak 'n bietjie die pad byster. Sheryl, Sheryl... Shit hot Sheryl Lieberman. Almal wou haar gehad het, en amper almal het haar gekry... Duane Duvenhage, Albert Pretorius, die eeste span rugby span, daai ou met die hoepelbeentjie-

(MORE)

LUKAS (CONT'D)

Wat was daai bra se naam Jakes..?  
Dunlop! Dis hy!

Lukas wys hoe Dunlop geloop het.

LUKAS

Dunlop hy só, dan loop hy só, dan  
doen hy vir Sherryl. Selfs die  
kleurling outjie..

Amper almal. Maar nie almal nie.

Lukas kyk betekenisvol en droewig na Sherryl waar sy sit. Hy vergeet vir 'n oomblik heeltemal om sy mikrofoon te gebruik.

LUKAS

Ek verstaan net nie so lekker  
nie...

Lukas wil nog sjampanje inskink maar die bottel is leeg.

LUKAS

Net 'n oomblikkie. Asseblief,  
mingle...

Lukas sukkel met die tweede bottel maar kry dit uiteindelik oop. Hy skink vir homself 'n vol glas.

LUKAS

'n Heildronk.

Op die lewe!

Lukas drink die hele glas in een sluk op en gooi dit oor sy skouer waar dit breek agter hom op die verhoog.

LUKAS

L'Chaim! (verkeerd uitgespreek)

Lukas gluur die gehoor aan.

LUKAS

Dit beteken op die lewe Annetjie,  
op die lewe..! Vra vir Dawn!

*Nkalakatha* begin kliphard speel oor die luidsprekers. Lukas kyk woedend op na die lighting box.

LUKAS

Hei! Sit dit af! Hei! Sit af! Ek  
het jou nog nie betaal nie..!

Die musiek stop. Lukas gluur vir die lighting box.

LUKAS

Presies! Ek moet jou nog betaal...  
Ja, want vir die wat nie weet nie,  
ek betaal vir hierdie blêrrie  
surkus. 'n Geskenkie vir die goue  
paartjie...

Right! Waar was ek..? O ja! Op die  
lewe. En is die lewe nie 'n  
wonderlike ding nie, huh Jeanie? As  
jy jou beste vriend se girlfriend  
score? Huh Jaco? Hoe het dit  
gevoel? Huh?!

Lukas kyk op na iemand wat na hom staar vanuit die agterste  
ry.

LUKAS

Wat pel? Het jy 'n probleem..? Ek  
praat maar net die waarheid!

Met my vriende...

En die waarheid is, Jaco, jy is 'n  
helse ou. Ek het soveel respek vir  
jou. Die feit dat jy uitgekome het  
hierheen vanaand... Al die pad van  
Addelaide waar jy moet tilslaan dag  
na dag omdat daar niks vir jou oor  
is in die vaderland nie. Dit vat 'n  
groot man. Na rehab en alles! 'n  
Groot man. En ek het al vir Jean in  
die kleedkamers gesien en jammer  
vir jou Sherryl maar groot man is  
jou bruidegom nie. Ha!

Ek is amper klaar... Maar voor ek  
gaan wil ek net... Ek wil net graag  
die volgende komposisie vir Sherryl  
speel. Wat ek, oor en oor en oor en  
oor vir myself gespeel het, op my  
eie, in my kamer, al daai jare.  
Want jy is beautiful en jy verdien  
beter Sherryl, jy verdien beter.

Lukas strompel na die agterkant van die verhoog en kry met  
aansienlike moeite sy kitaar uit vanwaar dit versteek is  
agter die gordyn.

Lukas gaan sit op die stoel en vat die mikrofoon. Maar nou  
kan hy nie kitaar speel nie. Hy sit die mikrofoon op die  
tafel maar nou kan hy nie naby genoeg kom nie. Hy sug  
verslaan en rus vir 'n oomblik met sy ken op sy bors.

Lukas lig skielik sy kop in inspirasie. Hy sit die kitaar neer en strompel in die gehoor se rigting.

LUKAS

Okei... bietjie hulp.. Halou? Jaco,  
jy is mos 'n ware vriend. Kom  
hierso bra. Sit 'n bietjie handjie  
by.

Lukas kry vir Jaco om hom te kom help.

Jaco kom verhoog toe en Lukas maak hom staan voor die stoel en sit die mikrofoon in sy hand. Hy maak 'n klomp onnodige verstellings aan die mikrofoon...

LUKAS

Ek sweer ek gaan jou bliksem. Staan  
stil..!

Uiteindelik is Lukas tevrede met die mikrofoon se posisie. Hy lyk of hy gaan begin speel en dan onthou hy iets.

LUKAS

Wag.. Wag jy! (aan Jaco)

Hy strompel oor na die spieëlbal en spin dit met sy hand. Dadelik verander die beligting na 'n rooi special en die spieëlbal begin pragtige vlekies lig om die teater spin.

Lukas gaan sit weer en begin kitaar speel. Hy sing dievolgende op die wysie van Redemption Songs.

LUKAS

(Verse)  
O shit hot Sherryl Lieberman  
Kom kuier asseblief by my  
Ek weet wat al die ander kinder se  
Maar ek belowe jou ek is nie gay

Daar is niemand anders wat jou so  
begeer nie  
Niemand koester vir jou soos ek  
Ek weet Jean Voster sê hy doen  
Maar Jean Voster het 'n groot bêk

(Chorus)  
Want als wat ek ooit wou hê...  
Is Sherryl Lieberman,  
Ja als wat ek begeer...  
Sherryl Lieberman

(Verse)  
(MORE)

LUKAS (CONT'D)

Ek weet ek's nie goed met rugby nie  
 En ek is redelik swak met golf  
 Ek het nie die coolste hare nie  
 Maar ek sal jou beskerm soos 'n  
 wolf

Ek het nie juis 'n six pack  
 En my arms is bietjie maër  
 Maar ek smaak jou meer as Jeanie  
 En sy groot vet windgat bêk

(chorus x 2)

Lukas eindig met 'n groot crescendo en sit agteroor, oë toe, heeltemal uitgeput van die inspanning terwyl die gehoor hande klap. Uiteindelik maak hy sy oë oop en kyk verbaas na Jaco wat nog sy mikrofoon vashou.

LUKAS

Wat?!

Hy druk Jaco van die verhoog af met alle mag.

LUKAS

So ja, dit was vir Sherryl. Nie dat ek enigiets probeer sê daardeur nie. Behalwe dat dit bietjie seer maak as jy vir mense lief is maar hulle is te besig om ander mense te pomp om dit raak te sien. Los!

Lukas draai onverwags op Denis.

LUKAS

It's true Denis. But what do you expect?! Huh?! A fish rots from the head down my man! From the head down, Denis. No wonder she has no moral dingeses. Shame upon you!

Lukas kyk verbluf om hom rond.

LUKAS

Wat kyk julle so vir my? Dis nie 'n geheim nie. Almal weet van Denis. Geen wonder sy's aangetrokke tot Jean nie. Ek's fine... Waar was ek?

O, ja! Ek moes nog chat oor die bachelor's. Het ek al gepraat oor die bachelor's? Huh ou Jean, my ou maat? Hoe sê hulle in Engels? Fun was had by all. Nou kom ons kyk. Ons ken almal die reëls Jean.

(MORE)

LUKAS (CONT'D)

Selfs die ou tannies hier ken die reëls. Nê Annetjie, nê Dawn? Ja, ons weet almal dis okei om die stripper saam te vat as jy waai by die klub, net vir vriendskak... Maar jy is nie veronderstel om haar te naai nie Jean..! Dis die reëls Jean, dis nie so ingewikkeld om te verstaan nie! Dis nie 'n fokkin JM Coetzee novel nie man!

BLACK OUT. Stilte. Lukas praat in die donkerte.

LUKAS

Maak nie saak nie.

'n Liggie in die donkerte. Lukas steek die kers met sy sigaret aansteker aan.

LUKAS

Kom! Almal van julle. Steek aan daai lighters - maak of dit 'n Bon Jovi konsert is - ons gaan nou lekker sing vir die bachelor. Steek aan!

Lukas begin sing en probeer om die gehoor te kry om saammet hom te sing.

LUKAS

Foooooor! He's a jolly good fellow, for he's a jolly good fellow, for he's...

Lukas dirrigeer vir die gehoor terwyl hy nou sommer direk uit die bottel uit drink. Hy beduie skielik vir die gehoor om te stop.

LUKAS

Nee, stop! Ons kannie. Want Jean is nie 'n jolly good fellow nie.

Lukas tel die kers op en strompel nader aan Sherryl en Jean waar hulle sit.

LUKAS

Hoe kon jy Jean? Hoe kon jy dit weer aan haar doen? Sies man! Voel jy niks nie. Kyk na haar, sy's beautiful. En jy.. Jy... Ek is jou vriend, Lukas. En ek is baie lief vir jou. Vertsaan jy, ek's lief vir jou tjomma. Maar jy vat dit net te vêr. Hy's 'n goeie ou Sherryl.

(MORE)



LUKAS (CONT'D)

Regtig, Jean is 'n amazing bra..  
Maar hy's 'n doos.

So ja, jy kan vanaand hier wegry  
met hom as dit is wat jy kies. Hy  
is jou man afterall. Dis jou  
besigheid.

Lukas is nou heeltemal gefokus op Sheryl.

LUKAS

Of, jy kan saammet my kom. My kar  
is net hier buite. Dis 'n nuwe kar.  
Dis 'n Honda. En ons kan Margate  
toe ry deur die nag. Margate  
Sherryl! Onthou jy Margate. Die  
vakansie na matriek. Ons was op die  
strand en jy het vir my gesê ons  
sal altyd vriende wees. Ek het  
PRESIES verstaan wat jy bedoel  
het.. Ek en jy, vir altyd. Ons kan  
weer Depeche Mode luister, al die  
pad. En jy kan 'n die lewe kry wat  
jy nog altyd verdien het Sherryl,  
vol liefde, en verbeelding en hoop  
en respek. En ek sal jou op die  
hande dra vir al die daë van jou  
lewe. Vir altyd. Wat sê jy?

Lukas staar in Sherryl se oë. Sy sê niks nie. (Indien sy ja  
sê sal hy haar bloot nie glo nie)

LUKAS

Nee? Nee?! Dis okei. Ek is honnerts  
persent baie dankie. Dis okei.  
Julle verdien mekaar. Ek..! Ek is  
beter as dit. Kry vir julle. Ek het  
nie vriende nodig nie, ek het  
vriende!

Lukas haal 'n klein pil botteltjie uit sy broeksak en pop dit  
oop.

LUKAS

Schedule seven, take after food.  
Dis fine, ons het mos lekker  
geëet..

Hy gooi al die pille in sy mond en begin die bitter pille te  
kou. Hy gryp die oorblywende bottel sjampanje en begin die  
pille afspoel met die laaste van die wyn.

LUKAS

Okei dan. Dis al wat ek te sê het.  
Die nageregte sal na die  
toesprakies bedien word en.. En dan  
gaan ons die vloer oopmaak vir die  
eerste dans. Sherryl en Pappa  
Denis. Balke toe... Ek's fine.

Lukas sink neer op sy kniee in 'n patetiese hophie.

LUKAS

Lieflike troue... Pragtige rok...  
Gaan julle aan. Ek gaan net... Ek  
gaan nou bietjie rus... Cheers.

Lukas blaas die kers uit en pass uit.

EINDE